Bestuursleiers raak pure perd

MARLENE MALAN
Kaapstad

Bestuurders wat dink baasskap is gelyk aan magsvertoon en die outoritêre beheer van ondergeskiktes gaan nou uitvind ware leierskap is 'n perd van 'n heel ander kleur.

Letterlik – want die "kursusleiers" is perde.

Dié diere maak deel uit van 'n leierskapskursus wat binnekort deur die Universiteit van Stellenbosch se bestuurskool aangebied word. Dit word gelei deur me. Yolanda Sing, 'n kliniese sielkundige en internasionaal erkende kundige op die gebied van menslikehulpbronbestuur.

In die kursus, genaamd Equine Assisted Learning (EAL), is 'n nuwe, ontluikende leierskapveld ter sprake waarin eksperimentele aktiwiteite met perde gebruik word om die werklikheid te weerspieël.

Dit help kursusgangers om meer oor hulself, hul gedrag en hul gevoelens te leer en terselfdertyd leierskapvaardighede te kweek.

Perde is die "leermateriaal" omdat dié diere "uiters intuïtief en fyn ingestel is op teenstrydighede in hul omgewing. Hulle sal dit beslis terugkaats – hulle het 'n intuïsie vir gedrag waarvan die mens dalk nie eens bewus is nie," sê Sing.

"Deur met perde te werk, kry 'n mens 'n goeie idee van jouself, hoe ander jou sien, wat jou motiveer, asook jou aanpasbaarheid en buigsaamheid in veranderende omstandighede. Veral jou vermoë om te lei.

"Om 'n taak met perde aan te pak, bied jou 'n metafoor vir die hantering van intimiderende lewensituasies.

"Perde sal die deelnemers leer dat magsuitoefening nie 'n opsie is nie en dat 'n titel niks beteken nie." Leierskap kom net na vore as jy vertroue wen en outoriteit verdien – as jy wys jy's betroubaar.

"Perde leer jou van probleem- en konflikoplossing, hoe om grense te skep en daarby te hou, hoe om aggressie te hanteer en hoe om nieverbale kommunikasie te gebruik."

Volgens me. Willemien Law, bemarkingshoof van die afdeling bestuursontwikkeling, sal 'n bestuurder deur dié program vasstel hoe ander sy bestuurstyl ervaar.

Me. Yolanda Sing by van die perde wat vir Maties se leierskapskursus ingespan word
Foto: UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Intussen het die Stanforduniversiteit in Kalifornië met die US-bestuurskool in verbinding getree en per e-pos laat weet hulle gebruik perde in 'n mediese kursus en dat dié universiteit se sakeskool dit nou oorweeg om die mediese program met perde vir programme in sy sakeskool vir MBA-studente aan te pas nadat hulle van die US se kursus te hore gekom het.

'n TV-program oor Stanford se mediese program met perde het onlangs 'n Emmy gewen.